

Woensdag 3 November

Skrifgedeelte: Jesaja 3:16 – 4: 6

Fokusgedeelte: Jesaja 4:2
(1933/53-vertaling)

In Christus is ons gered

Ons kry deurentyd in die gedeelte met die teenstelling tussen die straf van God en sy reddende genade te make. Daar waar dit vir die volk van ouds gelyk het of die enigste gevolg vir hulle sondes 'n doodsbestaan kon wees, gee God aan die regverdiges die sekerheid dat daar vir hulle redding is. In Jesaja 4:2 lees ons: “In dié dag sal die Spruit van die HERE wees tot sieraad en heerlikheid ...” Die “Spruit” dui op Jesus Christus.

Soos wat die volk van ouds die blye afwagting van redding gehad het, so het ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges reeds hierdie redding in Christus gesmaak en sal ons ook volkome daaraan deel kry by die voleinding van die wêreld. Die profeet Sagaria skryf: “So spreek die HERE van die leërskare: Kyk, daar kom 'n Man wie se Naam is Spruit, en Hy sal uit sy plek uitspruit, en Hy sal die tempel van die HERE bou” (Sag. 6:12). Waar daar menslik geen uitkoms meer was nie, kom ons Here Jesus Christus as mens aarde toe. Alhoewel dit op die dag waarop Hy gekruisig is, gelyk het of alles tot 'n einde gaan kom en niks menslikerwys meer sin gemaak nie, het Christus juis op daardie dag vir ons tot sieraad en heerlikheid geword.

Teenoor die vroue waarvan ons hier lees wat hulleself met versiersels beklee het, is ons sieraad en heerlikheid alleenlik in Christus. Wanneer Hy weer op die wolke kom, gaan Hy ons vir ewig met sy heerlikheid oordek en sal die Vader ons ewige Toevlug en Beskermer wees. Mag ons biddend pleit dat die Heilige Gees ons sal rig en lei om nou reeds as uitspruitsels van die Spruit te lewe. Mag ons ook met blye afwagting wag op die dag wanneer ons ons ewige skuilplek by God sal binnegaan.

Sing: Psalm 89-1:1

Ds. JN Hibbert (Josef) (Pietersburg-Noord)